## Die twyfel van Cornelius

**5** Na My woorde doen almal dadelik wat Ek gesê het, maar die meeste doen dit tog met ietwat teensin, omdat hulle die wonder graag van naderby wou gesien het; maar niemand waag dit om `n opmerking teenoor My te maak nie. So bereik ons die tafels en neem ons plek in. Ons word bedien van die visse, wat hierdie keer ekstra smaaklik klaargemaak is, en die maaltyd verloop baie opgewek.

[2] Veral My Jarah is hierdie keer in `n goeie bui en sê: "Ek weet werklik nie hoe dit is dat ek vandag so opgewek voel nie. Maar iets val my wel op en dit is dat al die ander nie ook so opgewek soos ek is nie! Ek is weliswaar `n meisie en daarom sou ek die meeste gepla moet wees deur nuuskierigheid, - maar hier is dit juis andersom! Die manne sit steeds en kyk of die nege mense al ontwaak het. Ek het nog nie gekyk nie, maar ek het hulle tog sien weggaan na die ander, - en die manne en menere en konings kyk nog steeds in die rigting en sit hulle en afvra of hulle weer lewend sou word? O, al `n halfuur gelede! Onmiddellik toe ons by die tafels aankom, het die nege mense hulle begin te beweeg, en hulle het die een na die ander regop gekom, die slaap uit hulle oë gevryf en het toe weggegaan. Ek kon dit duidelik sien, ondanks die bome wat ons van die plek afskerm, omdat ek klein is en gemaklik onder die takke kon deurkyk. Julle is egter groot en die takke van die bome ontneem julle sig op die wonder van die mag van die goddelike wil. Nou is dit egter al te laat. Al sou julle daarheen wou gaan, dan sou julle niks anders vind as hoogstens die plek waar hulle gelê het. Ook hulle, wat die Meester gister direk na die storm opgewek het, het saam met die nege ander na hulle huise gegaan."

[3] Cornelius sê: "Watter goeie oë het jy nie, jy ontdek tog ook alles eerste! As dit dan al verby is, dan is dit alles sondermeer in orde. Dit gaan tog net om die sekerheid van die slaag van dit wat die Meester voorgeskryf het, en Sy wil, want één mislukking sou talle vertwyfelings by die ongelowiges opgeroep het. Maar het jy egter gesien dat die nege opgestaan en weggegaan het?"

[4] Jarah antwoord `n bietjie verontwaardig: "Hoor hier, ek mag tog veronderstel dat ek nie as `n leuenaar daar uitsien nie!? Solank as wat ek leef en dink, het daar nog nooit `n leuen oor my lippe gekom nie, - en sou ek dan aan die kant van my Meester, my Elohim en allerwaaragtigste Majesteit, met `n leuen aankom om daardeur julle nuuskierigheid te bevredig?! O, verhewe meester, dan ken u Jarah nog lank nie! Kyk, al is die verstand hoe verlig, dan woon die leuen ook daarin. Jy kan iemand met jou verstand uit eie oortuiging iets uitgelê het terwyl die oortuiging totaal onwaar was, en dan het jy deur jou uitleg volmaak gelieg, - want jy het jouself en jou naaste mislei. Maar die ware en suiwere liefde lieg nooit en kan nie lieg nie, omdat sy die naaste, wat ook `n kind van Elohim is, meer ag as haarself en daarby Elohim bo alles! Ek is egter vol liefde vir Elohim en dus ook vir my naaste - sou ek dan in staat wees om `n onwaarheid teen u te spreek?! Verhewe Cornelius, hierdie veronderstelling van u kant was tog nie so hoflik nie!"

[5] Cornelius sê: "Maar, allerliefste Jarah, so het ek dit tog nooit bedoel nie! Ek vra dit aan jou op die manier omdat dit `n heel gewone manier van vra is, maar ek het in die verste verte nie daaraan gedink dat jy my ook maar iets onwaar sou wou vertel het nie! Vra dit aan die Meester Self wat tog beslis weet hoe dit daar in my hart uitsien, of ek vir jou, argelose, liewe meisie, van `n leuen wou betig! Die nege mense was opgewek deur die wil van die Meester en het ook reeds weggegaan, ewe-eens volgens die wil van die Meester, en die hele saak is daarmee afgedaan. Suiwer uit gewoonte het ek jou egter die ietwat lompe vraag gestel en ek het eintlik heeltemal niks daarby bedoel nie. - Kan jy tog daaroor vir my boos wees?"

[6] Jarah sê: "O heeltemal nie, maar `n volgende keer moet u ietwat beter oor u vrae nadink! Maar laat ons nou oor iets anders praat, want ons het nou genoeg woorde verspil!"

[7] Cornelius en Cyrenius sê: "Ja, ja, daar het jy gelyk. As die Meester by ons is, is dit `n sonde om minute weg te praat! Laat ons nou alleen aan die Meester die eer gee om iets te beslis en te bepaal!"

[8] Ek (**JaHshua**) sê: "So is dit goed in orde; ons het nou tyd om te gaan visvang en sal aan Markus `n aardige voorraad besorg! Na die middag sal daar weer iets gebeur!"

[9] Die ou Markus, wat My dit hoor sê het, gee sy seuns dadelik opdrag om die nodige vaartuie gereed te maak, want die visse in die groot, omheinde vergaarbak in die see het van die storm van gister taamlik baie gely.

## Die hebsug van Judas

**6** Terwyl ons egter so aan ons tafel verskillende dinge bespreek het, ontstaan daar `n woordestryd tussen die dertig jong fariseërs en die twintig aanwesige Perse. Die Perse beskou die opwekking van die nege verdrinkte mense as `n egte wonder, maar die dertig jong fariseërs het ronduit hulle vertwyfeling daaroor gehad. En veral Risa, wat vroeër vir Hebram ten gunste van My aangemoedig het, was die meeste daarteen.

[2] Hebram sê: "Vriend Risa, as `n mens eenmaal liggaamlik so volkome dood is soos wat hierdie nege was, kan jy hulle neerlê soos wat jy wil en hulle die volgende dag op dieselfde wyse sulke wyn in die mond

giet, dan sal hulle tog nooit lewend word nie! Dit is die werk van die goddelike wilskrag! Die neerlê dien slegs maar om die water uit die maag en die longe te laat loop en die ingegote wyn is om die nog swak senuweestelsel vooraf `n vereiste versterking en die verhemelte `n beter smaak te gee. Maar vir die latere opwekking van die dooie liggaam is nog die neerlê, nog die wyn `n noodsaaklike voorwaarde. Dit het die Meester slegs eerste laat gebeur, omdat Hy van plan was om hierdie nege deur Sy wil in die lewe terug te roep waarby hulle siele dan dadelik `n bewoonbare en bruikbare liggaam sou aantref! - Sien jy dit dan nie in nie?"

[3] Risa sê: "Ja, ja, dit sien ek wel in, en jy sal ook die beste gelyk hê. Maar dit sou tog nuttig gewees het om dit op die proef te stel om jouself mettertyd daarvan te oortuig dat die neerlê en vervolgens die tot drie maal toe wyn gee as sodanig, niemand wat algeheel verdrink het, liggaamlik weer tot lewe kan bring nie! Eers as jy tot hierdie oortuiging gekom het, is hierdie opwekking `n volmaakte, suiwer wonderwerk! So dink ek daaroor."

[4] Hebram sê: "Wel, as jy daarop staan en die Meester dit wil, kan die geleentheid hom miskien nog voordoen dat daar by die nou aangekondigde visvangs êrens nog `n lyk gevind sal word, en dan kan jy daarmee presies dieselfde neerlegging- en wyn-in-giet poging uitvoer om dit weer tot lewe te bring, waarby jy beslis geen verheugende resultaat sal behaal nie!"

[5] Die Perse sê: "Dit dink ons ook! Want wat slegs vir die mag van die goddelike wil moontlik is, is vir geen mens, wat self net `n skepsel is, moontlik nie - tensy Elohim se wil met en deur die menslike wil werk. Dit is ons mening en ons glo daarmee nie om op die verkeerde weg te wees nie. - Maar nou gaan elkeen na die water en daarom sal ons nou ook aan boord van ons vaartuie gaan, want by hierdie geleentheid sal beslis weer iets baie wonderbaarlik gebeur en daar moet ons by wees.

[6] Dan volg daar `n algemene uittog op die water, wat op hierdie môre baie rustig en geskik is om vis te vang. Hierdie keer werk My leerlinge, behalwe Judas Iskariot, tesame met die seuns van die ou Markus en help hulle om die groot nette uit te werp en te span.

[7] Judas Iskariot soek egter sy eie vermaak op en gaan na die algeheel verwoeste stad om te kyk hoe dit daar uitsien. Eertyds het hy immers gehoor dat die ryk Grieke sommige strate met goud en silwer geplavei het. En hy het verstaan dat die rykes al uitgebreid daarmee begin het. Hy loop daarom na die plek van die brand om daar te gaan vis na goud, silwer en ander kosbaarhede sonder eienaar.

[8] Maar sy gemene streke lewer hierdie keer niks vir hom op nie, - behalwe op sy rug. Want toe hy in die strate ontdek word as `n goud en silwer jagtende vreemdeling, word hy dadelik deur die bewakers gegryp en behoorlik afgeransel. Daarna verlaat hy natuurlik, ondanks die storm van die vorige dag, nog die hier en daar dampende ruïne van die ou stad, wat van ouds af -Vilipia-, onder die Grieke -Philippi- geheet het en eers onder die Romeinse keisers ook die voorvoegsel - Césarea- bygekry het.

[9] Toe ons goudvisser egter weer haastig na die huis van Markus gaan, tref hy natuurlik niemand daar nie, behalwe die vrou en die dogters van Markus. Daaraan het hy weinig gehad, omdat hulle hulle hande vol gehad het met die voorbereiding van die middagete en geen tyd vir hom gehad het nie. Bowendien het hulle almal reeds te vas in My geglo en was daarom nie heeltemal in die stemming om die ietwat brutale vrae van Judas Iskariot te beantwoord nie. Ook staan hierdie leerling beslis nie so baie in hulle guns nie, omdat hy hom reeds gedurende die paar dae meermale selfvoldaan en onuitstaanbaar gedra het.

[10] Omdat hy in die vrouehuis van Markus geen goeie ontvangs te beurt geval het nie, verlaat hy die huis en gaan na die see om te kyk waar ons was. Hy kon egter niks vind nie omdat ons, ten einde `n goeie vangs in te bring, heeltemal op die volle see uitgegaan het vanweë die trek van die skole vis, wat slegs tweemaal per jaar die Jordaan gevolg het; hulle kom van die Meronmeer af om `n paartog te maak en merendeels het hulle bestaan uit die beste goudsalm forelle.

[11] Omdat die agtergeblewe leerling nou van verveling nie geweet het wat hom te doen staan nie, gaan hy na die tente van Ouran om te sien of almal ook daar weggegaan het en of daar nie dalk `n paar oortollige goud- of silwerstukke te vinde was wat iemand laat val het nie! Maar ook daar vind hy niks nie, want Ouran het in elke tent drie bewakers agtergelaat, wat by die afwesigheid van hulle meester nie baie toeskietlik was nie. Hy verlaat dan ook baie vererg die tente en soek `n skaduryke boom op, waaronder hy gaan lê en heel behaaglik indut.

[12] Maar uiteindelik gaan dit met die slaap ook nie te lekker nie omdat `n vlieg hom nie met rus wil laat nie, - kortom, Iskariot was drie volle ure lank `n gekwelde man en byna aan die einde van sy Latyn. Toe sien hy egter eindelik ons skepe aankom en daardeur word dit vir hom ietwat ligter om die hart, en dit spyt hom nou al baie dat hy My geselskap verlaat het.